
**DIE OPSTANDING**

Johannes 11:25[**ii**]

Jesus sê: "Ek is die opstanding en die lewe". Dit beteken Hy het **werklik** uit die dood opge staan. Jesus se selfbekendma king rus op die **werklikheid** en nie op 'n veronderstelling nie. As Jesus sê, "Ek is die opstanding" beteken dit die opstanding uit die dood. Na sy kruisdood is sy liggaam begrawe. Dis die patroon van sondeval af (Gen. 3:19). Een refrein weerklink deur die geskiedenis: "toe het hy gesterf" (Gen. 5). Volgens die wil van die Vader het Jesus mens geword (Joh. 1:14). God straf die sonde in die Middelaar 'n ware mens, 'n mens sonder sonde en ook waarlik God. Daarom het Hy dieselfde pad gestap as elke mens – van ontvangenis tot die dood. Omdat Hy waarlik God is, kon Hy die dood oorwin en die lewe voortbring uit die graf. Christus is die eerste Een wat uit die dood opgestaan het (Kol. 1:18). Hy het die graf van binne af oopgebreek. Hy het dwarsdeur die dood gegaan tot die lewe. Hy eerste en daarna almal wat glo en in Hom sterwe. Christus is die groot Baanbreker deur die harde mure van die graf (Kol.2:12-13). Wie deur die geloof saam met Hom begrawe is sal saam met Hom uit die dood opstaan.



## SATAN EN DIE SONDE

Satan en die sonde waartoe hy die mens verlei het, het God se heerlike skepping van ewige vrede beroof (Gen. 3). Reeds op die moment toe die sondeval plaasgevind het, het God bekend gemaak dat Hy die vrede gaan herstel (Kol. 1:20-21). God besluit om sy Seun te stuur om Satan te verpletter (Gen. 3:15).

- ❖ Deur die soendood en bloedstorting van sy Seun het God opnuut vrede geskenk (Joh. 16:33; Hand. 10:36).
- ❖ Hierdie vrede bestem God vir die ganse wêreld (Jes. 57:19; Miga 5:4; Jes. 9:6).

Om dit te kan bewerk, doen die Here die logiese:


"Die Koning sal vrede vir die
nasies afkondig en hy sal regeer
van see tot see" (Sag. 9:10b).

Godsvolk ontvang nie alleen die Messiaanse vrede in Jesus Christus nie (Kol. 1:20), maar God bestem dit ook vir die nasies van die wêreld (Ps. 87).

* Nie alleen Messiaanse vrede nie.
* Maar ook wêreldwye vrede.
* Ekumeniese vrede.

Satan en sy magte het hulle ten doel gestel om God van die troon te stoot en self oor alles te heers (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 12). Daardeur is die ganse skepping onder die vloek van die sonde gebring. God wil die skepping weer terugbring onder sy heerskappy. Dit is waarom die stryd op aarde gaan (Gen. 3:15). God beskik dit dat die oorwinning behaal sal word deur Jesus Christus aan die kruis (Kol. 1:20).

*Dr. Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

Jaargang 5 | Sondag 10 Oktober 2010 | Nommer 26

## DIE WOORDE VAN LEWE EN DOOD

Om te sê dat God 'n God van liefde is, beteken nie dat jy die Bybel met oogklappe lees nie. Die Bybel praat nie net van *liefde* nie, maar ook van oordeel en dood. Dit beteken nie dat die Bybel 50% liefde en 50% oordeel verkondig nie.

Die Bybel is in die eerste plek *evangelie.* Evangelie beteken *blye boodskap.* Die Bybel is God se eerste, helderste woord van verlossing. Wie met die Bybel onder die arm swael en vuur preek, tas by die ware inhoud van die Bybel verby.

Die *blye boodskap* in die Bybel is juis dat die oordeel afgewend is. Dat daar redding is uit die oordeel. Dat God lewe gee uit die dood.

Maar as jy – na alles wat gebeur en alles wat jy in die Bybel gelees en gehoor het – *nog nie glo nie;* as jy God se *liefdeswoorde* in sy gesig terugsmyt spreek die oordeel duidelik tot jou. As jy Jesus se bloed vir die honde gooi ..... dan ontvang jy nie die ewige lewe nie maar die ewige dood! Dan val jy in die hande van die lewende God.

Ons glo van harte dat hierdie oordeel van God nie 'n werklikheid is vir lidmate van die kerk nie. Week na week word aan die lidmate die evangelie verkondig dat God hulle liefhet. Hy het jou kant gekies en jou sondeskuld laat vereffen deur die kruisdood en bloedstorting van sy Seun. Jesus het klaar jou straf gedra en jou skuld betaal. Al wat jy moet doen, is om op te staan, jou gesig te was en om in die aangesig van leed en verraad en ontrou te sê dat God se genade sterker is as die sonde. Moses skryf: *"Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jou nageslag kan lewe. Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee"* (Deut. 30:19-20). So kan jy die lewende God dien, Hy wat leef en laat leef. Dit is die enigste manier om jou lewensroeping te vervul.

*Dr. Nico van der Merwe.*



# PREKE VANDAG



**Oggenddiens:** **AS DIE GODE SWYG**

Skriflesing: 1 Konings 18:17-40
Teksvers: 1 Konings 18:29

Op Karmelberg vind 'n deurslaggewende botsing plaas tussen God, die Skepper van alle dinge en die afgod Baäl. Die profeet Elia word gestuur om aan Juda, die volk van die Here, God se woord te bring. God se volk is afvallig want 'n groot persentasie van die volk dien vir Baäl. Dan is daar 'n klein groepie van Juda wat net die Here dien. En dan is daar 'n groot groep van Juda wat Baäl én die Here dien (1 Kon. 18:21). God se oordeel rus swaar op die volk want die Here het 'n droogte van 3½ jaar oor Kanaän gebring. Die volk het in hulle goddeloosheid voort gegaan en daarom laat God hier by Karmelberg 'n botsing plaasvind tussen Hom en Baäl. Elia stel 'n ultimatum aan die Baälpriesters. Hy en hulle kry elkeen 'n bul wat op die altaar gereedgemaak moet word as 'n offer (vs. 23-24). "Dan moet julle tot julle god bid, en ek sal tot die Here bid. Hy wat met vuur antwoord, is God" (vs. 24). Die priesters van Baäl het so gedoen en die hele dag tot laat die middag tevergeefs tot die afgod gebid om die offer aan te steek. Hulle het hulle later met swaarde en spiese stukkend gekerf (vs. 28). Die resultaat? Daar was geen geluid nie. "Niemand het geantwoord nie, daar was geen reaksie nie" (vs. 29). ***Die afgod swyg!!*** Op Elia se gebed antwoord die Here met vuur uit die hemel en steek die offer aan die brand (vs. 38). ***God het geantwoord!!*** Daarmee het God vir die volk en die heidene gewys ***Hy is waarlik God!!*** Die volk het uitgeroep: *"Die Here is God! Die Here is God!"* (vs. 39). Het ons in 2010 ook afgode waarop ons steun? Afgodsaanbidding is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel (Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 95). Enigiets wat vir jou belangriker is as God, is 'n afgod. Dit kan baie dinge wees: geld, besittings, status, sport, medisyne ens. Al die dinge waarop jy steun en waaraan jy meer tyd, kragte en aandag skenk as aan God, is 'n afgod. God laat by Karmelberg die boodskap helder en duidelik hoor, as jy in jou grootste nood en angs tot die afgode roep, kry jy geen antwoord nie want ***die gode swyg***, hulle kan nie antwoord nie.



# DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4

## Artikel 15 : GOD IS SY GENADE AAN GEEN MENS VERSKULDIG NIE

Hierdie genade is God aan niemand verskuldig nie. Wat sou God immers aan iemand skuld wat Hom vooraf niks kan gee nie en waarvoor hy dan vergoed moet word? Inderdaad, wat sou God aan die mens verskuldig wees wat self niks anders as sonde en leuens het nie? Die mens wat hierdie genade ontvang, is aan God alleen ewige dankbaarheid verskuldig, en hy dank God ook daarvoor.
Die mens wat hierdie genade nie ontvang nie, heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie en skep net in sy eie dinge behae of beroem hom sonder om na te dink tevergeefs op wat hy het, terwyl hy niks het nie.
Verder moet ***oor hulle*** wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binnenste van die hart is aan ons onbekend.
***Vir die ander,*** wat nog nie geroep is nie, moet ons tot God bid, wat die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself in so 'n bevoorregte posisie geplaas het nie.

## Artikel 16 : DIE WEDERGEBOORTE MAAK JOU 'N NUWE, EGTE MENS

Die mens het egter nie deur die sondeval opgehou om mens, toegerus met verstand en wil, te wees nie. Die sonde, wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van die mensdom nie weggeneem nie, maar dit bederf en in geestelike sin gedood. Daarom werk hierdie goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mens asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit ook nie die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand daaroor kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil. Inderdaad, as die uitnemende Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, sou die mens glad geen hoop gehad het om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie. Deur sy vrye wil het hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort.

## KERKARGIEF

Die kerkraad is verantwoordelik om alle dokumente van ons gemeente met Geskiedkundige waarde aan die Kerkargief van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Potchefstroom te besorg.
Dit word daar geargiveer met die oog op bewaring en beskikbaarstelling vir Navorsing. Dikwels kom daar navrae om lidmaatskap, die aflegging van Geloofsbelydenis, bewys van doop en talle ander sake, om te bevestig. Die gemeente se dokumente behoort nog steeds aan die gemeente self, maar word saam met ander gemeentes se dokumente deeglik gesistematiseer en onder gekontroleerde temperatuurtoestande bewaar.

Die eerste reeks dokumente van ons gemeente se geskiedenis van bykans 30 jaar is gedurende die afgelope maand aan die argief in Potchefstroom besorg. Dit het twee kartondose vol gemaak en is dus maar 'n druppel in die emmer van alles wat na die argief geneem moet word. Daar word egter 'n inventaris gehou van alles wat aan die argief oorhandig word. 'n Groot hoeveelheid van die dokumente is nog steeds by lidmate wat een of ander tyd 'n funksionaris was of 'n bydrae by een of ander kommissie gelewer het. Om ons gemeente se nalatenskap so volledig moontlik te maak, word u versoek om enige dokumente wat nog moontlik by u is, aan die skriba, oudl. At Kruger te oorhandig vir deursending na die Argief.
(Kontakbesonderhede: 0184683976 & 0834003289,
E-pos: krugerat@gmail.com).

Voorbeelde van argivalia wat gesoek word, is notuleboeke, bylaes van notules, kommissieverslae, registers (bv. katkisasie), nuusbriewe, foto's gedruk of digitaal van gemeenteaktiwiteite, ens.

- Moenie vir Satan vastrapplek in jou lewe gee nie. Vertrou op God en Hy sal elke vastrapplek van Satan in 'n glyplek omskep.
- Op aarde kan 'n mens meestal padgee as dinge vir jou te warm word; hiernamaals is dit te laat.



## LAAT ONS WEET!

Met die vertrek van Dr. André Grové na emeritering, is SIMBAAL nou sonder 'n bron wat oor die wel en wee van die gemeente kan rapporteer. SIMBAAL sal nou 'n ander metode moet volg om gemeentelike en persoonlike nuus te ontvang en publiseer.
'n Vriendelike versoek tot elke lidmaat: stuur asseblief alle lief en leed berigte deur na **Martie Venter** vir opname in **SIMBAAL.** Nuus moet ***nie later nie as Woensdag*** van elke week afgedra word, sodat ons as gemeente van mekaar se lewensomstandighede kan verneem en so met mekaar kan meeleef!

Werk soggens: 018 468 5022
Sel: 073 826 3526
Huis: 018 468 6790

e-pos: eisi@vodamail.co.za
martiehv@gds.co.za

**Uit die Woord**
'n Man wat hom bly verset teen teregwysings, kom skielik tot 'n val en staan nie weer op nie.
Spreuke 29:1

**Wyse Woorde**
Deur jou seëninge te tel, sal jy nie tyd oorhê om ander se gebreke te tel nie.
E.A. Boshoff


- As jy jou groot voel, kyk op na die grote God en jy sal agterkom hoe oneindig klein jy werklik is.

| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 10 Oktober | Barmhartigheid | Pro Ecclesia Beursfonds |
| 17 Oktober | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 24 Oktober | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 31 Oktober | Barmhartigheid | Bybelverspreiding |



**GEMEENTEPROGRAM**
Sondag 10 Oktober tot Saterdag 16 Oktober 2010

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 10 Oktober | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag 10 Oktober | Katkisasie Les 21 | 10:30 |
| Sondag 10 Oktober | Aanddiens | 18:00 |
| Donderdag 14 Oktober | Inbetaling Kerklike bydraes | 17:30 |




**TEESKINKBEURTE**


| | |
|---|---|
| Sondag 10 Oktober 2010 | Wyke 9 & 10 |
| Sondag 17 Oktober 2010 | Wyke 11 & 12 |
| Sondag 24 Oktober 2010 | Wyke 13 & 15 |
| Sondag 31 Oktober 2010 | Wyke 16 & 17 |



**VERJAARSDAE**

| | |
|---|---|
| 11 Oktober | Wilna Hulshof |
| 11 Oktober | Rynhard Swanepoel |
| 13 Oktober | Suzaan Ganz |
| 14 Oktober | Ria van Dyk |

Mag u almal 'n Geesvervulde en geseënde nuwe lewensjaar beleef. Leef voluit en met blydskap in u harte!



- Aangesien 'n mens die gevoeligste is onder jou vel, moet jy versigtig wees wie jy toelaat om daaronder in te kruip.
- As jy die geselskap nie kan ophef nie, verlaat dit voordat dit jou verlaag.
- Die Christen glo dat God hom met sy werk sal help, nie dat God die werk vir hom sal doen nie.





## LIEF EN LEED

- ***Oom Peet van der Walt*** (85 – hy verjaar op 1 November, dan is hy 86), is in die Wilmed opgeneem vir toetse en behandeling. Hy verduur ongemak en is baie moeg. Oom Peet is tans tuis. Daar is 'n moontlikheid dat hy 'n hart-pasaangeër sal moet kry.
- ***Eduard Booysen***, seun van ***br. Cobus en sr. Annalize Booysen***, was drie weke lank in Wilmed, maar kon gelukkig ontslaan word en word nou weer tuis versorg. Hy kry voeding deur 'n buis en sterk stadig aan. Ons dink in liefde aan hierdie gesin en bid hulle God se genade, liefde en krag toe.
- ***Hanco Olivier***, gr. 9-leerling van Grey-Kollege in Bloemfontein en seun van ***br. Japie en sr. Gerda Olivier***, het 'n besondere prestasie behaal. Nie alleen is hy alreeds openingskolwer van hulle eerste span nie, maar is hy ook gekies as onder-kaptein van die O/15 Vrystaat-krieketspan. Baie geluk! Ons is saam met julle trots en dankbaar!
- ***Br. Johan en sr. Hanlie Mocke*** het verlede Maandag op 'n toer na China vertrek. Ons bid hulle 'n veilige reis toe en sien uit na hulle tuiskoms teen 17 Oktober.

## *SONGS OF PRAISE – SOLI DEO GLORIA*
## *Potchefstroom DV 17 Oktober 2010*

NG Kerk Miederpark Potchefstroom ***17 Oktober 2010*** om **15:00**
Toegang: R70.00 per persoon
Richard Cock (Dirigent), Eddie Davey (Orrel)
Trompette, Massa Kore & Publieke Samesang

**Kore:**

NWU Koor (Awie van Wyk) – Nasionale Koorakademie (Mabeth van Wyk/Starr Veldsman) – NW Jeugkoor (Franco Prinsloo) – NW Kinderkoor (Stern Bezuidenhout) – Potch Girls High (Annelie Coetzee) – Potch Ensemble (Lenelle Botha).